**Fokus**

# Die integrering van die verbondsjeug in die erediens deur middel van die prediking

J.D. van 't Zand
Gereformeerde Kerk Randburg-Oos
RANDBURG

## 1. Inleiding

### 1.1 Objek

Die objek van hierdie artikel is om die moontlikhede vir die integrering van die verbondsjeug in die volle gemeenskap van die kerk deur middel van die prediking te ondersoek. Die keuse van die onderwerp spruit voort uit die gegewe dat die verbondsjeug volgens ondersoeke nie ten volle betrek word in die gemeenskap van die Gereformeerde Kerke nie (GKSA, 1988:799). Aangesien die kerk veral in die erediens rondom die Woord sigbaar word, is dit belangrik om daar, en met name by die prediking, te begin om die verbondsjeug te betrek.

Die kerklike belangstelling in die jeug het vanaf die sestigerjare drasties toegeneem, veral na aanleiding van die grotere wêreldwye belangstelling in die jeug- en tienerjare. Sake soos die jeug se gemeenskap met die kerk het uiters belangrik geword (Le Roux & Rossouw, 1992:537). In die Gereformeerde Kerke is daar veral vanaf 1985 aan die begronding en praktyk van die jeugsorg aandag gegee (GKSA, 1988:797).

### 1.2 Noodsaak

Uit die bestaande navorsing en bronne blyk dit dat die denke oor die onderwerp in twee hoofrigtings uiteengaan. Die eerste denkrigting is om die jeug te beskou as 'n afsonderlike groep in die kerk. Die jeug word hiervolgens nie as 'n volwaardige deel van die liggaam van Christus op 'n bepaalde plek beskou nie, en die jeugbediening gaan op in verenigingslewe, of word deurentyd apart van die res van die gemeente gehanteer (Le Roux & Rossouw, 1992:539). Vir die doeleindes van hierdie artikel staan dié stroming bekend as *jeugapartheid*.

Die tweede gedagterigting is dat die kerk nie sy opdrag aan 'n buite-kerklike vereniging kan oordra nie, maar dit ten volle self en in samewerking met ander kerke binne kerkverband moet uitvoer (GKSA, 1985:508). Die verbondsjeug is onlosmaaklik deel van die plaaslike kerk, en moet as sodanig erken en bedien word. Hierdie gedagterigting word vir die doeleindes van die artikel genoem *jeugintegrasie*.

Oor hierdie tweede denkrigting is nog relatief min navorsing gedoen. Daarom is dit noodsaaklik om hieroor verder te besin.

## 1.3 Werksplan

Verskillende bestaande modelle of metodes om die jeug tydens die prediking te betrek word eerstens bespreek. In hierdie bespreking kom die genoemde twee denkrigtings duidelik na vore. Tweedens word die eienskappe van 'n preek waarin die jeug betrek word, bespreek. Derdens word die persoonlikheidseienskappe wat die prediker moet hê om die jeug tydens die preek te kan betrek, omlyn. Laastens volg 'n samevattende gevolgtrekking.

## 1.4 Uitgangspunte

Dooplidmate is volwaardige lidmate van die plaaslike kerk en hulle moet as volwaardige lidmate bedien word.

Die erediens is 'n ontmoeting van God met sy volk en van die lede as verbondsgemeente onderling. Alles wat in die erediens gebeur – dus ook die prediking – moet in diens van hierdie ontmoeting staan.

Die Bybel is die Woord van God, maar mag nie funksioneer asof dit 'n wetenskaplike handboek is nie. Tog bied die Bybel as Woord van God nie net perspektiewe nie, maar ook riglyne vir die herderlike bediening van die jeug. Hierdie perspektiewe en riglyne behoort op 'n wetenskaplik-verantwoorde wyse ontgin te word.

Die woord *kerk* word gebruik om óf die universele en onsigbare liggaam van Christus óf die plaaslike kerk aan te dui.

Met prediking word bedoel die amptelike verkondiging van die Woord van God in die erediens aan die vergaderde gemeente.

Die jeug is die verbondskinders wat deel is van die liggaam van Christus op 'n bepaalde plek. Dit sluit die jeug in vanaf kleuterjare tot naskools.

## 2. Kritiese beoordeling van enkele benaderingswyses

In hierdie afdeling word die twee hoofstrome, naamlik *jeugapartheid* (die hantering van die jeug apart van die res van die gemeente) en *jeugintegrasie* (die hantering van die jeug in verbondenheid met die res van die gemeente) asook 'n soort middeweg (jeuggerigte eredienste) bespreek.

### 2.1 Aparte jeugdienste

Hierdie hoofstroom bevat onder andere drie tipes dienste, naamlik spesiale jeugdienste, afsonderlike jeugdienste en gemengde jeugdienste. Wat al drie hierdie tipes egter in gemeen het, is dat die jeug as 'n aparte entiteit beskou word. Die belangrikste grondidee wat hieruit na vore kom, is dat die erediens en veral die prediking eintlik iets is waarin slegs volwassenes kan deel.

#### 2.1.1 Spesiale jeugdienste

Hiermee word bedoel dat sekere eredienste afgesonder word vir die jeug, en dat hierdie dienste dan spesifiek anders ingerig en uitgevoer word ter wille van die jeug of kinders. Hierdie sogenaamde kinderdienste word periodiek gehou, byvoorbeeld een maal per maand of kwartaal (Barnard, 1988:354).

In hierdie dienste word in die liturgie en die prediking van oudio-visuele hulpmiddels gebruik gemaak. Die onderdele van die liturgie word verduidelik in taal wat die kinders kan verstaan. Die preek word afgestem op die vlak en die behoeftes van die kinders, en 'n meer dialogiese vorm word gebruik (Barnard, 1988: 354). Daar word meestal van die verhalende vorm van prediking gebruik gemaak (Combrink, 1984:55).

Hierdie periodieke jeugdienste het 'n dubbele effek op die prediking. Enersyds beteken dit vir die kinders baie, en dwing dit die prediker om sy preek vir die kinders verstaanbaar te maak (Nel, 1984:18). Andersyds lei dit daartoe dat die kinders dikwels in die ander preke vergeet word (Barnard, 1988:354).

Enkele kritiese opmerkings oor spesiale jeug- of kinderdienste:

* Deur kinderdienste te hou word jeugapartheid toegepas. Die jeug word nie gesien as wesenlik deel van die verbondsgemeenskap nie, maar word ter wille van die skyn van deel-wees tog nou en dan spesiaal betrek. Hiermee moet hulle dan tevrede wees. So word die verbondsgemeenskap se eenheid verbreek (Eloff, 1989:53).
* Die erediens is die samekoms van die verbondsgemeente rondom die Woord van God. Die basis van hierdie verbondsgemeente is die verbondsgesin.

Deur spesiale jeugdienste te hou word die jeug nie as volwaardige deel van die verbondsgesin en dus ook van die kerk beskou nie (Nel, 1984:18).

* Die kinders en die jeug moet besef dat hulle ewe belangrik, en nie belangriker as die res van die gemeente is nie; daarom behoort spesiale dienste ook vir ander groepe gehou te word (Nel, 1984:18).
* Indien die erediens totaal omvorm moet word om by die kind aan te pas sodat hy kan tuis voel in die erediens, is daar iets wat drasties skort in die erediens.

### 2.1.2 Afsonderlike jeugdienste

Hier word bedoel 'n erediens vir veral die kleiner kinders naas dié van die volwassenes. Terwyl die volwassenes met hulle erediens besig is, word die kinders besig gehou in 'n aparte erediens met 'n aparte kinderliturgie (Beukes, 1990:615). Die prediking is veral daarop ingestel om 'n sedelike appèl op die kind te maak. Elementalisering en die inagneming van die kind se potensiaal speel 'n baie belangrike rol. Die voorstaanders van hierdie standpunt beklemtoon dat die kind alleen tot groei kan kom in 'n aparte erediens (Beukes, 1990:620).

Redes wat aangevoer word ten gunste van die hou van sulke afsonderlike eredienste is onder andere dat preke te lank en moeilik verstaanbaar is. Die vorm van die preek sou dit ook te moeilik maak vir die kind om dit te volg, en hierdie aanbiedingswyse lê te veel klem op die kognitiewe. Die gevolg van sulke afsonderlike eredienste kan egter juis wees dat die preke nog langer en meer onverstaanbaar word omdat die kinders nie meer daar is nie (Barnard, 1988:356). Intussen loop die kinderpreke gevaar om in sedelesse te verval.

Enkele kritiese opmerkings oor afsonderlike jeugdienste:

* Die effek van sulke aparte eredienste op die jeug is dat hulle nooit leer om tuis te voel in die volwasse eredienste nie. Hulle leer ook nie van kleins af die wese en betekenis van die liturgiese elemente nie (Nel, 1984:18).
* Hierdie vorm van jeugdienste is 'n versteuring van die eenheid van die verbondsgemeente. Die jeug word konsekwent as verskillend van die gemeente beskou en behandel.
* Die afsonderlike kinderdienste kan die effek op die prediker hê dat hy glad nie tydens die preke aan kinders aandag gee nie, en dat sy preke al meer ontoeganklik raak vir die kinders.
* Die redes wat aangevoer word ten gunste van so 'n afsonderlike jeugdiens is baie individualisties van aard, in dié sin dat hulle konsentreer op die individuele kind se persoonlike geloofsgroei. Baie min aandag word gegee aan Bybelse eenheidsbegrippe soos verbondsgemeenskap en liggaam van Christus.

* 'n Uitsondering kan gemaak word in die geval waar die kind, en dan veral die kleuter, nie in staat is om rustig in die erediens te wees nie. 'n Moederskamer is ook nie altyd die gewenste oplossing nie. Hier moet dus gekies word tussen twee verkeerdes, naamlik óf die kind verhinder die ouers om God en mekaar te ontmoet binne die erediens, óf die eenheid van die gesin word prysgegee ter wille van die ontmoeting met God. Dit lyk na die beste oplossing dat kleuters wel by 'n lokaal besig gehou word deur ouers op rotasiebasis, eerder as dat hulle die ontmoeting van die gemeente met God kan verhinder (Eloff, 1989:53).

### 2.1.3 Gemengde jeugdienste

Hiermee word die praktyk bedoel om kinders vir 'n deel van die erediens saam met die gemeente te laat vergader, en vir 'n deel van die erediens op hul eie. Dit kan op verskeie maniere gebeur: die kinders kan saam met die volwassenes in een diens vergader, maar hulle verlaat die diens net voor die preek en kom nie weer terug nie. Die kinders kan ook net na die preek weer terugkeer om saam met die res van die gemeente af te sluit. Die kinders kan ook na die preek vir die eerste maal aansluit by die res van die gemeente (Van der Laan, 1983:338). Die kinders is dus tydens die preek nie in die erediens nie.

Hierdie soort praktyk het die gevolg dat die preek nie op kinders afgestem word nie, en dat die kinders die persepsie ontwikkel dat die preek slegs vir volwassenes bedoel is. Daar word geen verwagting van die predikant gekoester om aan die jeug in sy prediking te dink nie, en hy word uiteindelik nie meer as pastor vir die jeug erken nie (Barnard, 1981:402).

Enkele kritiese opmerkings oor die gemengde jeugdienste:

* Gemengde jeugdienste kan lei tot die verkeerde persepsie by die jeug dat die prediking in die sentrum van die erediens staan, en dat die res blote formaliteite is wat so vinnig as moontlik afgehandel moet word. Die prediking word op hierdie manier losgemaak van die res van die erediens.
* Die erediens word deur hierdie praktyk opgebreek in dele. Die erediens vorm 'n geheel, maar as die jeug op 'n stadium verskoon word, versteur dit die eenheid van die erediens (Nel, 1984:19).
* Die eenheid van die liggaam van Christus en van die verbondsgemeente behoort die leidende beginsel te wees in die besinning oor die erediens. Die eenheid word nie noodwendig verbreek as groepe per geleentheid apart vergader nie, maar die aparte vergaderings moet daartoe lei dat die verlange na die gesamentlike samekoms versterk word (Nel, 1984:19). Dit moet ook die geval wees wanneer kleuters apart besig gehou word. Dit behoort slegs 'n noodmaatreël te bly en moet die eenheid dien eerder as versteur.

## 2.2 Jeuggerigte eredienste

Met jeuggerigte eredienste word bedoel eredienste wat spesiaal gerig is op die jeug of op 'n ander deel van die gemeente. Jeuggerigte eredienste verskil van kinderdienste in die sin dat die liturgie dieselfde bly en die res van die gemeente steeds betrokke bly by die erediens. Die klem in die toepassing van die prediking val eenvoudig op slegs 'n deel van die gemeente.

Daar behoort nie 'n groot verskil tussen die gewone erediens en die jeuggerigte erediens te wees nie. Die verskil sal hoofsaaklik geleë wees in die temas wat in die prediking gehanteer word en tot 'n mate in die wyse van aanbieding. Die liturgie behoort nie aangepas te word nie, maar moet wel verduidelik word op 'n vlak waarop die jeug dit kan verstaan (Beukes, 1990:643).

Die jeuggerigte eredienste kan en moet ook uitgebrei word na ander belangegroepe, soos eensames, jonggetroudes, bejaardes, ouers, ensovoorts. Die indruk mag nie geskep word dat die res van die gemeente niks uit die boodskap sal kan haal nie. Die eenheid van die gemeente moet steeds in die oog gehou word.

Die beginsel agter hierdie tipe erediens lyk suiwer. Die Bybel self individualiseer immers. So word met getroudes gepraat in Efesiërs 5, en met jongmense in Prediker 12. Dit beteken egter nie dat alleenlopers geen boodskap kry uit Efesiërs 5, of bejaardes uit Prediker 12 nie. Hieruit blyk dat die prediking wel per geleentheid op 'n enkele groep binne die gemeente mag fokus, maar dat die eenheid van die gemeente nie daardeur versteur behoort te word nie. So 'n erediens behoort nie op so 'n manier aangebied te word dat die res van die gemeente nie daarby betrek sal voel nie.

Die jeug behoort nie die indruk te kry dat hulle meer spesiaal is as die res van die gemeente nie, en daarom behoort die prediking in sommige eredienste ook op ander groepe gerig te wees. Die jeug mag nie beklemtoon word ten koste van die res van die gemeente nie, want dan gaan die eenheid weer eens verlore (Nel, 1984:18).

Met inagneming van die gevare wat aan hierdie soort erediens verbonde kan wees, kan gerigte prediking met vrug gebruik word om 'n spesifieke groep binne die gemeente in 'n sekere erediens besonderlik te betrek. As dit reg gebruik word, kan dit die eenheid bou deur die belangrikheid van elke groep in die gemeente op hul beurt te beklemtoon.

## 2.3 Toepaslike prediking

In hierdie tipe prediking word gepoog om die jeug, net soos die res van die gemeente, te integreer in alle eredienste. Met toepaslike prediking word bedoel dat

elke erediens en preek so ingerig word dat met die kinders rekening gehou word, en dat hulle daarin tuisvoel. Hierdie is die ideale vorm van prediking, maar ook die moeilikste. Dit verg harde werk, deeglike beplanning en gebed (Barnard, 1988:354).

Die verbondskinders is inderdaad deel van die gemeente. Hulle is gedoop, hulle groei op in die dampkring van die verbond en het reeds 'n besef van die genade van God. Hulle mag en moet as volwaardige lede die erediens meemaak en die prediking moet vir hulle verstaanbaar wees (Barnard, 1981:402).

Die Bybelse siening van die gesin as 'n eenheid moet ook aandag kry. Die kind en die ouer het elkeen 'n besondere plek in die gesin, maar die gesin as geheel is ook die objek van die liefde en trou van God. Daar moet geïndividualiseer word, maar nooit ten koste van die eenheid van die kerk en die eenheid van die verbondsgesin nie (Barnard, 1988:357). God sien die mens nie net as 'n individu nie, maar ook in sy verbondenheid met 'n huweliksmaat, gesin en gemeente (Barnard, 1988:358).

Die Here onderskei tussen jonk en oud, maar Hy skei hulle nooit van mekaar nie. Daarom moet die leraars poog om elke preek so bevatlik te preek dat die kinders ook iets sal ontvang vir hulle geestelike opbou (Beukes, 1990:624). Elke preek behoort 'n kinderpreek te wees. Jeugapartheid wat sonder jeugintegrasie toegepas word, behoort afgewys te word. Die jeug moet ten volle geïntegreer word in elke preek. Die groot vraag is: Hoe? Op hierdie vraag word in die volgende twee punte ingegaan.

## 3. Jeugintegrasie en die vereistes vir die preek

Die beginsel is reeds duidelik gemaak dat die kinders van alle ouderdomme behoort tuis te voel in die erediens en met name in die prediking. Om dit te kan bereik moet die preek aan sekere vereistes voldoen:

* Om jeugbediening in al sy begeleidingsmoontlikhede sinvol te laat ontwikkel, moet dit altyd geskied op grond van die *kerygma van God Drieenig*. Sodanige bedieningswyse is 'n benadering van die Skrif deur die inisiatief en bemoeienis van God die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Le Roux & Rossouw, 1992:545). Prediking wat verbondskinders in gedagte hou, moet hierdie fundering van skepping deur God die Vader, verlossing deur God die Seun en heiligmaking deur God die Heilige Gees, in die lewe van die kinders 'n uitwerking laat hê.
* Die *volle Bybelse waarheid* in sy volle uitwerking op die jongmens se lewe moet sonder versagting gepreek word. Ou tradisies moet sonder skroom getoets word aan die Bybel, en die hele waarheid moet verkondig word (Nel, 1985:34).

* Jeugprediking kan nie anders as om *verbondsprediking* te wees nie. In die raamwerk van God se verbondenheid by en bemoeienis met hierdie gedoopte jongmens word gepreek. Sonder die verbond word die prediking oppervlakkig en sonder diepte-inhoud. Oppervlakkige prediking het goeie korttermyngevolge in 'n tyd van individualisme, maar kan nie die verbondsvrede aan die soekende jongmens bied nie. Die verbond moet gepreek word met al sy eise op grond van die indikatief. Die jongmense moet daarna die geleentheid kry om te antwoord op die eis, en om hul eie vrae te vra (Nel, 1985:34).

* Die jeug mag hulle geloofslewe nie sien as 'n bepaalde *kompartement* van hul lewens wat gereserveer is vir bepaalde dae nie. Die prediking moet daartoe lei dat hulle die hele lewe as geloofslewe beskou (Le Roux & Rossouw, 1992:545).

* Die jeug, en veral die jonger kinders, moet God nog deur die prediking leer ken. Die prediking moet daarom vir hulle veral 'n *ontdekkingstog wees* waar hulle al meer van God in hulle lewens raaksien. Sodoende word hulle geprikkel om God nog beter te leer ken (Jonker, 1982:73).

* Die preek moet *aansluit by die ervaringswêreld* van die verbondskind. Die preek moet brugbou tussen die ervaringswêreld van die hoorder en die Bybelteks. Hierdie uitgangspunt vra egter grondige eksegese van die Skrif en insig in die ervaringswêreld van die kind. Om die ervaringswêreld van die kind te ken, is dit nodig om 'n pastorale verhouding met elke kind in die gemeente te hê. Dan kan die preek ook die grondervarings van elke kind vanuit die Skrif analiseer (Dingemans, 1983:390).

* Tydens die preek moet die hele gemeente *aktief deelneem* deur aktief te luister. Ook die kinders moet dit kan doen. Die preek moet deelname bevorder deur byvoorbeeld verhale of vrae (Van der Velden, 1983:393).

* Die kind, en veral die jonger kind, het 'n baie sterk verbeeldingskrag. Daarom behoort die preek vir hom *visueel*, hetsy met behulp van oudio-visuele hulpmiddels of daarsonder, sigbaar word (Van der Velden, 1983:393). Konkrete voorbeelde kan hierdie benaderingswyse ideaal dien. Visuele hulpmiddels is immers een van die maniere waarop Jesus self gewerk het. Die voorbeeld moet die boodskap skerp en helder in die kind se hart inprent (Eloff, 1989:54).

* Die preek moet uiters *logies* gestruktueer word. Gedagtespronge veroorsaak dat die jonges eerste die draad van die preek verloor. Die gang van die preek moet vir almal duidelik wees (Deputate Jeugsorg, 1987:10).

* Die taal moet konkreet wees, sodat selfs die kleinstes dit kan verstaan. Daar moet voorkeur gegee aan kort sinne, en moeilik-verstaanbare woorde moet vermy word. Kerklike taal moet verduidelik word en spaarsamig gebruik word (Dingemans, 1983:384).

* Die *styl* van die preek moet direk en eenvoudig wees. Sinne sonder tussenwerpsels en voegwoorde behoort voorkeur te geniet. Die styl moet op die kind toegespits wees, sonder om neerbuigend, meerderwaardig of stroperig te wees. Aan die einde van elke hoofpunt kan 'n kort samevatting gegee word wat spesiaal vir die kinders bedoel is (Eloff, 1989:54). Die tweede persoon enkelvoud behoort gereeld gebruik te word. Daar moet gewaak word teen herhaling (Deputate Jeugsorg, 1987:10). Die kind moet die preek ervaar as die eenvoudige boodskap wat die Here vir hom in sy situasie gee (Beerekamp, 1952:130). Die styl kan ook soms apologeties wees, veral waar die jongmense met ander gelowe te doen kry en nie altyd weet hoe om dit te hanteer nie (Beerekamp, 1952:143).

Al hierdie eienskappe van die preek kom daarop neer dat die prediker in die voorbereiding en lewer van sy preek gedurig die verbondsjeug in gedagte moet hou, by hulle ervaringswêreld moet aansluit en die Woord in hulle situasie moet laat spreek.

## 4. Jeugintegrasie en die vereistes vir die prediker

Dit is nie slegs die preek wat sekere eienskappe moet besit om toeganklik vir die jeug te wees nie. Die prediker moet ook sekere eienskappe besit. Sommige van hierdie eienskappe moet hy aankweek, ander moet hy net ontwikkel en nog ander moet hy op die preekstoel duideliker na vore bring:

* Die prediker moet *God aan die woord laat kom* in die prediking. Die prediker moet nie te veel op homself gerig wees en so 'n vermaaklikheidskunstenaar word nie. Hy moet nie alles in die stryd werp om populêr te wees en die klankbord te word van humanistiese godsdienstigheid nie. Hy moet sy gesag in die Woord soek en nie vaderlik-beterweterig preek nie (Le Roux & Rossouw, 1992:544).
* Die prediker moet waarlik geroep wees en as 'n *geroepe dienaar* van God optree. Hy moet nederig wees en homself nie waardig ag om te preek nie – hy moet preek omdat hy gedwing voel om te preek. Hy moet ook waarlik vol wees van die Heilige Gees. Die Gees en nie hyself nie, moet sy werk en die manier waarop hy dit doen, bepaal (Lloyd-Jones, 1985:102).
* 'n Verdere eienskap van 'n jeugprediker is die feit dat hy 'n *model* is en moet wees vir die jeug. Die jeug sien op na die prediker as 'n voorbeeld van iemand wat die Here dien, en daarom verwag hulle dat die prediker werklik 'n goeie voorbeeld sal stel. Die prediker behoort te lewe soos 'n Christen, en sy dade moet sy woorde weerspieël en ondersteun (Richards, 1985:104). Die prediker is die eerste hoorder wat die jeug vooruit moet gaan in die hoor en die toepas van die preek in sy eie lewe. Hier is van die prediker waar

wat ook van die ouer waar is: woorde verklaar dade en dade dra woorde (Nel, 1985:32).

* 'n Eienskap wat hiermee saamhang is *opregtheid*. Die prediker moet bedoel wat hy sê. Die woorde van die prediker moet nie net uit die kop nie, maar ook uit die hart kom. Veral jongmense sien onopregtheid baie vinnig en skerp raak (Beerekamp, 1952:129).
* Die *ootmoed* van die prediker moet ook duidelik uit die prediking blyk. Die prediking mag nie tot 'n grootmens-raadgee-voorskryf-praatjie verword nie. Die prediker moet self eers buig voor die Woord en so sy eie eensgesindheid en solidariteit met die jeug in die prediking betoon (Nel, 1985:32).
* Die optrede van die prediker moet altyd spreek van *wysheid en geduld* (Lloyd-Jones, 1985:106). Wysheid moet na vore kom in die hantering van vrae van jongmense in die prediking, en geduld in die manier van praat. Veral kinders kan geduld beproef en dit is in hierdie opsig waar die prediker moet wys dat hy die kinders onvoorwaardelik aanvaar.
* As gevolg van die erns van die roeping moet die Woord ook met *entoesiasme* gebring word. Die entoesiasme moet nie oneerlik wees nie, en daarom moet die prediker sorg dat hy self entoesiasties is oor die boodskap wat hy bring. In hierdie opsig moet die persoonlikheid van die prediker ook in gedagte gehou word. Elke prediker moet op 'n individuele manier met sy persoonlikheid wys dat hierdie boodskap hom waarlik beetgepak het (Nel, 1984:33).
* *Vrymoedigheid en welsprekendheid* is nog twee belangrike eienskappe. Met vrymoedigheid word bedoel die vermoë en wil om die boodskap te verkondig, sonder vrees en bewing vir mense. Die jeug vereenselwig hulle graag met iemand wat onbeskaamd is oor die boodskap wat hy bring, wat met die volmag van die Gees praat en wat gedryf word deur die Gees om die boodskap suiwer te bring (Beerekamp, 1952:130).
* Twee laaste belangrike kwaliteite van 'n jeugprediker moet *liefde en begrip* wees. Uit al sy preke en sy kontak met die jeug en kinders moet dit duidelik wees dat hy werklik die lammers van die kudde ook liefhet. Hierdie liefde is onvoorwaardelik en nie veroordelend nie (Beerekamp, 1952:213). Die prediker moet ook toon dat hy die jongmens begryp as individu. Hy mag hulle nie sien as rebelse tieners nie, maar moet elkeen van hulle probeer begryp as mens (Richards, 1985:58).

Uit bogenoemde blyk dat van die jeugprediker niks anders verwag word as van enige prediker nie, en dat hy net moet lewe en preek soos iemand wat deur die Gees lewe en preek.

## 5. Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande ondersoek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

* Daar is in die denke oor die jeugbediening in die prediking twee hoofstromings. Die een stroming beskou die jeug as 'n aparte deel van die kerk, en dikwels as 'n minderwaardige deel. Die ander stroming beskou die jeug as 'n integrale deel van die kerk, en poog om hulle so te bedien.
* Die verbondsjeug is egter volwaardige lede van die plaaslike kerk, en moet in al die bedieninge van die kerk in ag geneem word. Dit geld ook en veral vir die prediking. Albei denkrigtings, naamlik jeugapartheid en jeugintegrasie, moet in gedagte gehou word tydens die prediking.
* Aparte jeugdienste kan nie goedgekeur word nie: dit versteur die eenheid in die kerk wat sy begronding vind in die liggaam-van-Christus-beeld en in die verbond. Aparte jeugdienste gaan uit van individualistiese beginsels en leer die kind nie om tuis te voel en te verstaan wat in die erediens gebeur nie. Ook kan aparte jeugdienste lei tot 'n versteuring in die eenheid van die erediens.
* Jeuggerigte prediking is toelaatbaar in die lig van die Bybelse eis om individualisering. Dit mag egter nie ten koste van die eenheid van die gemeente of die erediens gebeur nie. Elke groep en individu in die kerk is ewe belangrik.
* Die jeug moet deur toepaslike prediking in elke preek betrek word, net soos enige ander belangegroep in die kerk. Hierdeur kan verseker word dat elke lid van die liggaam noodsaaklik voel.
* 'n Preek wat die jeug in ag neem, moet God Drie-enig, wat in sy verbondsliefde na die mens kom, verkondig. Die verbondseis moet duidelik en reguit aan die jeug verkondig word. Die preek moet aansluit by die ervaringswêreld van die kind, en die kind moet aktief kan luister. Voorbeelde moet gebruik word. Die taal moet konkreet wees en die styl eenvoudig.
* Die prediker wat met die verbondskinders in die prediking wil praat, moet nederig in sy roeping leef. Hy moet vir die jeug 'n model van Christenskap wees. Hy moet opreg, ootmoedig en met wysheid en geduld optree. Hy moet die boodskap met vrymoedigheid en entoesiasme bring. Bowenal moet hy die verbondsjeug met liefde en begrip benader.
* Jeugprediking is elke prediker se taak in elke preek.

## Bibliografie

BARNARD, A.C. 1981. Die erediens. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 608 p.

BARNARD, A.C. 1988. Erediens en prediking met die oog op die bereiking van kinders. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Studies*, 29(4):351-372.

BEEREKAMP, J.W. 1952. De jeugddienst. Nijkerk : Callenbach. 230 p.

BEUKES, M.J. du P. 1990. Kinders in die erediens. *Hervormde Teologiese Studies*, 46(4):613-646.

COMBRINK, H.J.B. 1984. Die rol van stories in kinderpreke en kategese. (*In* De Villiers, J.L. & Prins, J.M.G., *reds*. Die kerk en sy jeug op weg: 'n Huldigingsbundel opgedra aan prof. D.W. de Villiers. NG Kerkuitgewers : Kaapstad. p. 47-61.)

DEPUTATE JEUGSORG. 1987. Die predikant en jeugsorg. Potchefstroom : Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. 19 p.

DINGEMANS, G.D.J. 1983. Aansluiten bij de ervaringswereld van kinderen. *Praktische Theologie*, 10:377-392.

ELOFF, T. 1989. Die Gereformeerde gemeente en sy dooplidmate. *In Die Skriflig*, 23(90): 46-58, Junie.

GKSA
*kyk*
GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Handelinge van die twee en veertigste nasionale sinode gehou te Potchefstroom op 8 Januarie 1985 en volgende dae. Potchefstroom : GKSA.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1988. Handelinge van die drie en veertigste nasionale sinode gehou te Potchefstroom op 5 Januarie 1988 en volgende dae. Potchefstroom : GKSA.

JONKER, J. 1982. Gaan uw kinderen nog naar de kerk? Kampen : Kok. 101 p.

LE ROUX, G.P.V. & ROSSOUW, P.J. 1992. Jeugbediening verbondenheid of verwonding? *In Die Skriflig*, 26(4):537-548, Desember.

LLOYD-JONES, D.M. 1985. Preaching and Preachers. London : Hodder & Stoughton. 325 p.

NEL, M. 1984. Integrating Youth into the Full Life and Work of the Church – through Worship. (*In* Integrating Youth into the Full Life and Work of the Church: Referate gelewer tydens die RES Youth Conference gehou in Julie 1984 te Chicago. p. 10-25.)

NEL, M. *red*. 1985. Kerkjeug antwoord. Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal. 61 p.

RICHARDS, L.O. 1985. Youth Ministry. Grand Rapids : Zondervan. 320 p.

VAN DER LAAN, J.H. 1983. Kind en kerkdienst. *Praktische Theologie*, 10:337-344.

VAN DER VELDEN, M.J.G. 1983. Van bezinning naar praktijk. *Praktische Theologie*, 10:393-394.